Ek soek beskerming in Allah teen Satan die verworpene en ek begin met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

'n Verduideliking van nog een van die pragtige Name van Allah

Al-Ghaffaar

Oor-en-oor-Vergewende

Hierdie Naam dui daarop dat Allah die Een is wat aanhou om ons berou te aanvaar en ons sondes te vergewe... oor en oor en oor en oor...

Allah vergewe ons dus elke keer, maak nie saak hoeveel keer ons sonde doen nie, en help ons om dit te vergeet sodat die skuldgevoelens daaroor ons nie aanhoudend lamlê in ons geloofslewe nie. Hy vergewe en verander ons foute en sonde op so 'n manier, dat ons kan voortgaan sonder skuld of skaamte.

En Hy is die een wat ons verkeerde optrede sodanig regstel en verander dat dit goeie dade word. Hierdie soort van vergifnes is dus kwantitief van aard...

Dit berus ook op die stamwoord: “gh-f-r” uit die klassiek Arabiese verband wat dui op:

- om te bedek, om 'n sluier daaroor te trek, om dit te verberg of te verswyg, om dit weg te steek
- om te begenadig en amnestie of kwytskelding te gee, om te vergewe, om reg te stel
- om iets te bedek teneinde te keer dat dit nie vuil word nie

Enkele Versverwysing:

Koran 20:82 “En ek is sekerlik die Oor-en-oor-vergewende vir diegene wat berou het en glo en goeie dade doen en dan die regte weg volg deur binne my Wil te lewe.”

Koran 38:65,66 “Mohammed, sê vir hulle: “Ek is slegs die een wat waarsku: dat daar geen ander god as Allah is nie, Hy is die Een, die Allesoorheersende, die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die hemele en die aarde en wat tussenin is, die Magtige, die Oor-en-oor-vergewende.”

Koran 39:5; 40:42; 71:10